higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1390**(A)**(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N6

(21010076)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Belangrike funksie van invoerbelasting:

A Ontmoedig die invoer van goedere
B Stop dumping
C Voeg waarde by
D A en B

1.1.2 'n Voorbeeld van aksynsbelasting:

A Belasting op brandstof
B Sondebelasting
C Weeldebelasting
D A, B en C

1.1.3 Die regering van die dag kan fiskale beleid gebruik om ekonomiese groei te stimuleer wat bereik kan word deur …

A aansporings.
B aftrekkings.
C vrystellings.
D inkomste.

1.1.4 … is verantwoordelik vir die grootste gedeelte van staatsinkomste.

A Korporatiewe inkomstebelasting
B Belastingaanspreeklikheid
C Loonbelasting
D Persoonlike inkomstebelasting

1.1.5 Regeringsbegrotings moet onderskei tussen …

A lopende en kapitale besteding.
B verskillende belastingbronne.
C regeringsinstellings.
D Geen van bogenoemde nie

1.1.6 Die begroting van 'n departement kan beskou word as …

A 'n finansiële plan.
B 'n beleidsverklaring.
C 'n bedryfsplan.
D Al bogenoemde

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Heffings op ingevoerde produkte is … -heffings.

A inkomste
B verbruiks
C toegevoegde waarde
D oordrags

1.1.8 Die beginsel van quid pro quo beteken …

A mense of wetlike entiteite.
B iets vir iets.
C huishouding.
D ontspanning.

1.1.9 Mynbouregte en verskillende soorte lisensies word onder ... geklassifiseer.

A gebruiksheffing
B verbruikstariewe
C nominale heffings
D invoerbelasting

1.1.10 'n Begroting is 'n finansiële staat van inkomste vir 'n ...

A eenjaartydperk.
B tweejaartydperk.
C tydperk van ses maande.
D Geen van bogenoemde nie

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Seëlbelasting is nie 'n ad valorem-belasting nie.

1.2.2 Die hoofinstrument vir kontrole is die oudit.

1.2.3 BTW kan as 'n verbruiksbelasting beskou word.

1.2.4 Die inkomstebelastingkoers word deur wetgewing bepaal.

1.2.5 Belasbare inkomste is daardie gedeelte van inkomste waarop belasting gebaseer is.

1.2.6 Belasting word deur SAID namens die regering ingevorder.

1.2.7 Belasting is van 'n vrywillige, opsionele aard.

1.2.8 Skenkingsbelasting is daarop gemik om ander belastingbronne soos eiendoms- en inkomstebelasting te beskerm.

Kopiereg voorbehou

1.2.9 Maatskappybelasting is die heel belangrikste bron van inkomste vir die regering.

1.2.10 Oordragsbelasting kan beskou word as 'n belasting op die rykdom van die meer welgestelde mense in die samelewing soos weerspieël word deur hulle kapitaalbates.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 … is die ondersoek van finansiële rekords deur verskeie owerhede.

1.3.2 Die kapitaalbegroting verskaf bestedings … aan die bedryfsbegroting.

1.3.3 Vaste-eiendomsheffings deur plaaslike owerhede behels … en …

1.3.4 Die … begroting is afdwingbaar totdat die hoofbegroting in plek is.

1.3.5 Die … moet die algemene beleid van die huidige regering weerspieël.

1.3.6 Die term wat gebruik word vir mense wat onthef is van die betaling van inkomstebelasting is …

1.3.7 Weens … kan 'n persoon minder verdien ná 'n verhoging.

1.3.8 Aksynsbelasting word nie gehef as … nie wat dit maklik maak om dit te monitor en in te samel.

1.3.9 'n … betaal aan SAID oor deur middel van BTW.

1.3.10 Die … koördineer en integreer aktiwiteite.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies die korrekte woord vanuit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die (tussentydse/hoof-) begroting wys fondse toe vir 'n hele finansiële jaar.

1.4.2 (Aftrekkings/Aansporings) impliseer dat belasting oor die algemeen van toepassing op netto inkomste is.

1.4.3 'n Belastingbetaler ontvang 'n (aansienlike/onmeetbare) waarde vir elke geldeenheid wat in die vorm van belasting oorbetaal word.

1.4.4 (Provinsiale/Plaaslike) regerings word nie toegelaat om belasting te hef op weddery nie.

1.4.5 (Persoonlike/Personeel-) belasting verteenwoordig die grootste deel van staatsinkomste.

1.4.6 (Invoer/Aksyns)-belasting word gebruik om die dumping van goedere te stop.

1.4.7 (BTW/AVB) is 'n verkoopsbelasting wat op elke opeenvolgende handelsfase gehef word.

1.4.8 (Persoonlike/Vaste) eiendom verwys na grond plus verbeterings.

1.4.9 (Inkomste/Lone)-belasting moet gesien word as belasting op geld wat deur maatskappye verdien word.

1.4.10 Standaardbestedingsitems word in die (finansiële/ekonomiese) tabel uiteengesit.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Nominale heffings	A	wanneer inflasie hoër as 8% is
1.5.2	Spanninge	B	werkloosheidsversekering
1.5.3	Verskuiwing van belastingkerwe	C	byvoorbeeld, bedrae gehef vir waterverskaffing
1.5.4	Aansporings	D	belastings is verantwoordelik vir die grootste gedeelte van staatsinkomste
1.5.5	Ex post facto-beheer		
1.5.6	Staatsinkomste	E	bevorder ekonomiese ontwikkeling
1.5.7	Persoonlike belasting	F	bron van fondse
1.5.8	Verbruikstariewe	G	kontrole ná die gebeurtenis
1.5.9	Begrotingsjaar	H	gebruiksheffing
1.5.10	Belastingaanspreeklikheid	I	politieke aspirasies
		J	fiskale jaar

(10 × 2) (20)
[100]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

6.1 Noem en verduidelik die SES belangrikste begrotingskonsepte. (6 × 2) (12)

6.2 Verduidelik die term *volledige oordrag* met betrekking tot die Wet op Begrotingsaanpassing. (5 × 2) (10)

6.3 Onderskei tussen *belastingbasis* en *belastingkoers*. (4 + 4) (8)

6.4 Verduidelik waarom dit voordelig kan wees om 'n afsonderlike kapitaalbegroting op te stel. (10)

6.5 Noem VYF belastingheffings wat van toepassing op plaaslike regerings is. (5 × 2) (10)
[50]

EN/OF

VRAAG 7

7.1	Waarom is die begrotingsrede so 'n nuuswaardige gebeurtenis?	(5 × 2)	(10)
7.2	Noem VIER interne bronne van inkomste vir kapitaalprojekte van plaaslike regerings.	(4 × 2)	(8)
7.3	Bespreek kortliks die kwessies wat in ag geneem moet word wanneer 'n kapitaalbegroting saamgestel word.	(6 × 2)	(12)
7.4	Bespreek die herverdeling van rykdom in die Suid-Afrikaanse ekonomiese konteks. Verduidelik of herverdeling 'n haalbare realiteit is of nie.		(10)
7.5	Bespreek die *dumpingbeginsel*.	(5 × 2)	(10)
			[50]

EN/OF

VRAAG 8

8.1	Noem DRIE items wat in 'n begrotingsrede hersien word.	(3 × 2)	(6)
8.2	Definieer die term *diverse inkomste* en gee voorbeelde daarvan.	(4 × 2)	(8)
8.3	Onderskei tussen *onderwerpe van belasting* en *voorwerpe van belasting*.	(4 + 4)	(8)
8.4	Noem VIER faktore om in ag te neem wanneer begrotingsinligting geklassifiseer word.	(4 × 2)	(8)
8.5 8.5.1	Definieer die term *oudit*.		(5)
8.5.2	Noem en verduidelik kortliks DRIE soorte oudits wat van toepassing op openbaresektor-finansies is.	(3 × 5)	(15)
			[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou